NG UNIVERSITAS-WES GEMEENSKAPSENTRUM

ROOIKERK & STRIATA

GEROEP EN GESTUUR

Telefoon en faks: 051 522 2547•Finansies 051 522 8119

***Bankbesonderhede:*** *NG Gemeente Universitas-Wes*
*Absa Bank, Reknr: 470580909, Bankkode: 334134*

E-pos: Admin@nguniversitaswes.org.za

WEBADRES: www.rooikerk.co.za / **nguniversitaswes**

**Kantoorure:**

**Maandag, Dinsdag, Donderdag , Vrydag:** 08:00 tot 13:00

**Woensdag**: 08:00 tot 10:00 en 12:00 tot 13:00

**Sondae:** Net ná die erediens tot 10:30 of tot die laaste persoon gehelp is.

**Leraar**: Hannes du Plessis 062 127 5300

# Die Kandelaar – 9 Junie 2019

## ROOIKERK-EREDIENSTE

**09:00** Hannes (Nagmaal)
**Teks**: Johannes 7: 37-39
**Tema**: Behoort en beweeg; van klinkende metaal tot lewende water.

**09:00** Baba-, Peuter- en Kinderkerk
**10:15** Junior- en Seniorjeug-Omgeegroepe

**18:00** Hannes
Teks: Efesiërs 6:10-20
Tema: Die windpomp se diens
***Deurkollekte:*** *Jeugbedieninge*

**Volgende Sondag**

Oggend: Hannes (Vadersdag)

Aand: Frans

Dankie aan elkeen wat die Pinksterbidure bygewoon het en/of sop en broodjies gemaak het. Na aanleiding van die week se Pinkster plaas ek graag die woorde van ons tema lied vir die Pinkster reeks. Mag elke windpomp langs die pad ons meer bewus maak van die Here se teenwoordigheid:

## Lief en Leed

***Bid asseblief vir:***

**Henta Pieterse** het herstel van 'n rugoperasie

**Willie Botha** sterk aan na 'n rugoperasie.

**Janna Gunter** Het Woensdag 'n rugoperasie ondergaan. Tans in ICU Rosepark Hospitaal.

**Norman Viljoen** is in die hospitaal.

***Dink ook aan hulle gesinslede wat die versorging/bystand moet doen.***

Ons nooi al die Rooiwarm Wintersmark sameroepers EN die hele Rooikerk-gemeente om vir ons terugvoer te gee oor die mark op 1 Junie 2019.

Kom reflekteer, dink en droom saam.

Vergadering 18 Junie om 18:00 in die Jeugsentrum.

Vir meer inligting kontak Sally 081 305 8675.

Die Bemarkings- en Kommunikasie Diensgroep vergader Woensdag 12 Junie om 17:00 by die Rooikerk. Jy is baie welkom om saam te gesels. Kontak Lisma 0845225904

## Verjaardae

**Baie geluk aan elkeen wat vandag of in die volgende week verjaar.**

| | |
|---|---|
| 9 Junie | Esthé De Beer |
| | Hendri Pretorius |
| | André van Heerden |
| | Jacques Williams |
| 10 Junie | JW Jordaan |
| 11 Junie | Jacobus Dippenaar |
| | Daniël J v Rensburg |
| | Evangeline Williams |
| 12 Junie | Fanie Ferreira |
| | Alet Gerritsen |
| | Reinette Joubert |
| 13 Junie | Lizette Coetzee |
| 14 Junie | Ian Albertse |
| | Amorét de Jonge |
| | Ruhandre Donoghue |
| | Llanie Smith |
| | Bernette Thysse |
| 15 Junie | Rian Opperman |
| | Bern Potgieter |
| | Trunette Sevenster |
| | Gerty v Aswegen |

Ons soek steeds jongmense (18-25 jaar) wat betrokke wil raak by die Standdiensspan. Die span gaan vanaf 20-30 Desember 2019 na Stilbaai. Kontak Hannes of die Kerkkantoor asb indien die Here aan jou hart raak ivm hierdie diens.



# <u>VONKK 72</u> - *Wees Stil, Want Die Heilige Is Hier*



"'n Windpomp gaan soek nie wind nie... Hy staan en wag en weet die wind sal hom kry... Net so is dit met die mens... Hy wag op die Here, want hy weet, op die regte tyd sal die Here doen wat Hy belowe het..." ~ Jesaja 60:22

Wees stil, want die heerlikheid van God skyn oral rondom ons.
Hy is met eer gekroon, met mag en majesteit.
Uit Hom straal helder lig – 'n glans wat als verlig.
Wees stil, want die heerlikheid van God skyn oral rondom ons.

Wees stil, want die Here God van mag is werksaam om ons heen.
Hy neem ons sonde weg, genees ons grootste seer.
Niks stuit die Gees se werk of kan sy krag beperk.
Wees stil, want die Here God van mag  is werksaam om ons heen.

Wees stil, want die Heilige is hier in ons teenwoordigheid.
Kom buig nou voor Hom neer met eerbied en ontsag.
Erken sy heiligheid en sy geregtigheid.
Wees stil, want die Heilige is hier in ons teenwoordigheid.

Van ons Rooikerklidmate en verteenwoordigers vanaf Woelige Bytjies Kleuterskool, was in gesprek en sal graag hande wil vat om die probleem rondom haweloses wat in die omgewing slaap, te probeer aanspreek. Indien daar lidmate is wat ondervinding of kennis het of enige insette kan lewer in hierdie verband, vra ons dat u asb die Kerkkantoor of Hannes kontak. Ons sal graag 'n span wou saamstel om aandag hieraan te gee. Alle belangstellendes welkom.

## Carpe Diem-Jeugsorgsentrum

Daar word ook toebroodjiesmere vir die seuns se broodjies vir skool ens. ingesamel. Indien jy iets kan skenk, plaas jou bydrae in die boks by die Inligtingstoonbank of voor in die kerk..




Kontak Alta 0836870543 vir enige verdere navrae.

**Baie dankie aan elkeen wat 'm bydrae gegee het. Baie dankie vir julle getroue ondersteuning. Ons het groot waardering.**

## FINANSIES FINANSIES FINANSIES

**Junie** se spesiale koevertinsameling gaan vir die

**BASAAR!**

Diensgroep vir Finansies

### Vanuit die Kerkkantoor

Die kerkkantoor vra dat jy asb nie bedelaars met geld help nie. Die reëling is dat hulle Maandae tot Vrydae om 08:00 by die kerk kan aanmeld om die dag te kom werk. As hulle vra vir geld verwys hulle asb terug na die kerk toe.

| FINANSIëLE STAND VAN DIE GEMEENTE VIR DIE TYDPERK: 1 MAART 2019 - 31 MEI 2019 (Striata ingesluit) | | | |
|---|---|---|---|
| | **Begroot vir die jaar** | **Werklik tot op datum** | **Verskil tot op datum** |
| **INKOMSTE** | **-2,894,028.73** | **-600,969.66** | **-2,293,059.07** |
| **Min: UITGAWES** | **2,894,028.73** | **611,397.08** | **2,282,631.65** |
| * Bedryfsuitgawes | 920,602.70 | 176,142.19 | 744,460.51 |
| * Gemeentevisie/ Sending- en Uitreikaksies | 425,630.00 | 66,533.11 | 359,096.89 |
| * Salarisse en Lone | 1,547,796.03 | 368,721.78 | 1,179,074.25 |
| **(-Tekort) / Surplus** | **0.00** | **-10,427.42** | |

Die Rooihuis sê baie dankie vir die matras wat aan hulle geskenk is. Hulle kort nou nog net een enkelbed matras as iemand dalk een het om te skenk.



Die kerktuin fase 1. Indien julle weet van mense wat hulle vetplante terugsny of dit self doen, sal ons baie bly wees as julle dit Kerk toe bring.



Indien julle eers in die lente terugsny, moet asb nie van die Rooikerk se tuin vergeet nie. Kontak Gerty 083 609 8007 vir enige navrae.





Die Kerkkombuis vermis die soplepels en eiersspane na afloop van die Wintersmark. Loer asb tog of daar nie vreemde gereedskap in jul kombuislaaie lê nie.

# Omgewingsake

Geagte Universitas-inwoners.

Die GPF-vergadering van 29 Mei is baie goed bygewoon deur 50 persone. Die oproep is weer gedoen dat alle inwoners by dié gemeenskapsinisiatief betrokke raak. Veiligheid asook ander gemeenskapsake geniet in dié kort vergadering aandag.

Volgens die bevelvoerder van Sektor 3, kapt. Jones, is misdaad merkbaar minder waar die gemeenskap saamstaan.

Die volgende vergadering sal DV op 12 Junie om 19:00 by Dr Böhmer-skool wees. Woon dit asseblief by indien veiligheid, omgewing en die waarde van u eiendom vir u belangrik is.




## #20 Viëtnam

In Kommunistiese Viëtnam word Christene beskou as gevaarlik en verraaiers van hul kultuur. Nuwe gelowiges, in plattelandse gebiede veral, word van hul regte ontneem en word dikwels geforseer om uit hul dorpies te vlug om die geweld teen hulle te ontsnap. Sommige kinders van etniese minderheidsgroepe word verbied om skooltoe te gaan as gevolg van hul geloof.

*Bid: Vir gelowiges om geletterdheidsopleiding en toegang tot die Bybel te kry sodat hulle in hul geloof versterk kan word.*

# Striata-Kerkwees-program

## *"As dit nie vir die Here was nie!"*

Sondagoggenddiens

Ds Frans Oosthuizen gaan voorlees uit Joh 7:37-39 en sy boodskaptema is: Van Klinkende yster tot Lewende water.



## Bybelstudie

Die Bybelstudie vind weer **Dinsdag 10:00** in die saal plaas.

## GELUK MET JOU VERJAARSDAG.



Dinsdag 11 Junie **Hermine de Bruin**
Woensdag 12 Junie **Kerrie Wessels**
Donderdag 14 Junie **Tina de Jager**

Mag julle die Here se genade veelvuldig op veral hierdie dae ondervind!

## Ons doen voorbidding vir die volgende:

**Die gebed van 'n gelowige het 'n kragtige uitwerking (Jakobus 5:16).**

**Madelein Coetzee** sterk tuis aan nadat sy geopereer is.

Kom ons dra mekaar in gebed. Bid vir die leiersraad, gemeente (bedienings, finansies, personeel .......). Striata met haar mense. Party is siek, alleen, verswak, bekommerd, in 'n krisis ...... bid saam met hulle vir krag, hoop en liefde. Ander is nog op en wakker, vrolik en dankbaar ...... bid saam met hulle en wees dankbaar.

Wat ek is, is net genade. Wat ek het, is net geleen. Eintlik smag ek na U waters van rus. Lei my Heer vanaand daarheen. (Gebed: Koos du Plessis)

Gebedsversoeke kan aan leiersraad, ds. Frans asook Hilda Human deurgegee word. Jy bepaal self of dit op die Kandelaar, gemeentelike gebedsbediening of in die kleine gesirkuleer word vir gebed.